*Historia*, 50, 2, November 2005, pp 179-209.

# Die Slag van Andringastraat: Studente-onluste op Stellenbosch, 1940

***Hermann Giliomee & Gustav Hendrich**** 

## Inleiding

Sheila Smith McKoy argumenteer in haar *When whites riot: Writing race and violence* dat wanneer swartmense tot uitbarsting kom, historici dit as 'n "riot" of amokmakery aandui; as witmense se woede egter ontplof, bestempel hulle dit as 'n protes, 'n reaksie of 'n politieke ingryping.[1] Rassespanning neem skerp toe wanneer die grondbeginsels van 'n rasgebaseerde samelewing verander word. Gedurende die 1890's het die rassekonflik in die Amerikaanse Suide verskerp as gevolg van die aanslag van die heersende Demokratiese Party op die swart stem, wat uitgeloop het op die ontkiesering van swartmense en die instelling van verskeie ander segregasiemaatreëls.

Hierdie aanslag het met wit geweld teen swartes gepaardgegaan. Die ergste geval was die onluste van 1898 in Wilmington, Noord-Carolina, toe gewapende witmense 'n swart woongebied binnegedring en elf swartmense doodgeskiet het.[2] Volgens John Hope Franklin het die "white riot" gedurende die 1890's swart kiesers so geïntimideer dat hulle deelname aan die politieke stryd skerp afgeneem het. Nadat die swart kiesers van die kieserslyste verwyder is, het die wit houding teenoor swartmense nie verbeter, soos wat die voorstanders van swart ontkiesering beloof het nie, maar eerder verhard.[3] Dieselfde sou sestig jaar later in Suid-Afrika gebeur.

Die term "white riot" kan gebruik word vir die sogenaamde "Slag van Andringastraat" op Stellenbosch. Dit verwys na onluste gedurende 'n naweek in Julie 1940 toe wit studente bruin inwoners van die dorp

---

* Hermann Giliomee is buitengewone professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en skrywer van onder meer *Die Afrikaners: 'n Biografie* (Tafelberg, Kaapstad, 2004). Gustav Hendrich is 'n nagraadse student in dieselfde departement.

1. S. McKoy, *When whites riot: Writing race and violence in American and South African culture* (University of Wisconsin Press, Madison, 2001).
2. J.H. Franklin, *From Slavery to Freedom: A History of Negro Americans* (Vintage, New York, 1947), pp 340-341.
3. C.V. Woodward, *The Origins of the New South, 1877-1913* (Louisiana State University, Baton Rouge, 1971), pp 348-368.

aangeval en hulle eiendom beskadig het. Onder die ouer inwoners van Stellenbosch en mense wat in die vroeë 1940's op Stellenbosch gestudeer het, is daar min wat nie lewendige herinneringe aan die Andringastraat-gebeure het nie. Witmense was lank geneig om die onluste in Andringastraat af te maak as studentepret wat effens handuit geruk het. By talle van die bruin inwoners is daar begryplik nog steeds verbittering wanneer hulle daaroor praat.

Die vreemde uitbarsting van rassegeweld is nog altyd in isolasie gesien. Dit kan egter slegs verstaan word binne die raamwerk van die wedywering vir die bruin stem en die toenemende spanning tussen die twee wit gemeenskappe, en tussen wit en bruin na die oorlogsverklaring van 1939. Die eerste afdeling skets die politieke agtergrond.

## Die bruin faktor in die politiek

Kort nadat generaal J.B.M. Hertzog in 1914 die Nasionale Party (NP) gestig het, het doktor D.F. Malan, die Kaaplandse NP-leier, en Bruckner de Villiers, 'n sterk bondgenoot van hom wat op Stellenbosch gewoon het, hulle begin beywer vir 'n beleid om die kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys af te haal en hulle op 'n aparte lys te laat stem. Hertzog het die voorstel egter afgewys omdat so 'n beleid teen die grondwet ingedruis het. Die Suid-Afrikaanse Party (SAP), eers onder leiding van generaal Louis Botha en daarna van generaal Jan Smuts, het min vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die kleurlinge gedoen, maar enige voorstel om met die bruin stem te peuter, konsekwent verwerp. Dit was die belangrikste rede waarom die meeste kleurlinge vir die SAP gestem het.

Vir die NP was die nederlae wat hy in die verkiesings van 1915 tot 1924 teen die SAP in die simbolies belangrike setels Paarl en Stellenbosch gely het, veral 'n bittere pil om te sluk. In hierdie kiesafdelings het kleurlinge tussen 'n kwart en 'n vyfde van die kiesers verteenwoordig.

Die uitgangspunt van die Kaapse NP was dat die politieke stryd in die provinsie hoofsaaklik tussen wit Engelssprekendes en wit Afrikaanssprekendes gevoer word, en dat Engelse politici die bruin stem op opportunistiese wyse misbruik om die nasionaalgesinde Afrikaners die loef af te steek. Paul Sauer, in 1924 NP-kandidaat op Stellenbosch, het daarop gewys dat in die jaar voor die verkiesing, seshonderd addisionele bruin kiesers in hierdie kiesafdeling geregistreer is. Volgens hom het dit

die verskil tussen wen en verloor beteken in die verkiesing waarin hy met vierhonderd-en-sewentig stemme die onderspit gedelf het.[4]

Die NP is nietemin bemoedig deur die groot aantal kleurlinge wat in 1924 vir die Pakt-koalisie van die NP en die Arbeidersparty gestem het. In 1925 het doktor Malan en Bruckner de Villiers die Afrikaanse Nasionale Bond (ANB) as 'n bruin vleuel van die NP gestig. Later in die jaar het W. la Grange die ANB-leier geword. Die Pakt-regering het groter welsynsbesteding deurgevoer, maar op verskeie gebiede die bestaande vorme van diskriminasie teen hulle gehandhaaf. Die Regering se plan om kleurlinge te klassifiseer, het sommige bruin kiesers van die NP afgeskrik.[5]

In die verkiesing van 1929 het die NP vir die eerste keer op sy eie gewen. Die party het ook die setels Paarl en Stellenbosch verower. In die Paarl het die NP-kandidaat, P.P. du Toit, die SAP-meerderheid van 173 in 1924 omskep in 'n NP-meerderheid van 65. Op Stellenbosch het Bruckner de Villiers die SAP-meerderheid in 1924 omgekeer in 'n NP-meerderheid van 268. Ná die verkiesing het De Villiers se bruin ondersteuners van Stellenbosch hom onder die toejuiging van die NP-parlementslede skouerhoog in die Parlement ingedra en hom in die wandelgang neergesit.

De Villiers het later gesê dat hy die verkiesing op Stellenbosch gewen het deur "'n klein klompie kleurlingstemme te kry om ons te help".[6] In Kaapstad het minder as tien persent van die kleurlinge volgens *Die Burger* vir die NP gestem. In NP-kringe was daar ontevredenheid dat die party nie groter bruin steun gekry het nie. Paul Sauer het ná die verkiesing aan 'n ANB-kongres gesê: "Die NP het beter ondersteuning van die kleurlinggemeenskap verdien as 'n mens kyk na die dienste wat die NP-regering die laaste vyf jaar aan die gemeenskap verskaf het."[7]

In 1934 het die NP en die SAP saamgesmelt om die Verenigde Party te vorm. Die "Gesuiwerde" Nasionale Party van D.F. Malan het nou hoop laat vaar om bruin stemme te trek. Die party het hom daarvoor beywer om bruin kiesers van die kieserslys af te haal.

---

4. D. en J. de Villiers, *Paul Sauer* (Tafelberg, Kaapstad, 1977), pp 31-32.
5. H. Giliomee. "The Non-racial Franchise and Afrikaner and Coloured Identities, 1910-1994", *African Affairs,* 94, 376, 1995, pp 213-220.
6. *Die Burger*, 12 Maart 1938.
7. T. Schifrin, "New deal for the Coloured People: A study of National Party policies toward the Coloured People, 1924-1929", BA Honours essay, University of Cape Town, 1952, p 65.

In die verkiesing van 1938 was daar 1 109 bruin kiesers op Stellenbosch op die kieserslys en 28 000 in die provinsie. In ten minste elf kiesafdelings is die bruin stem beskou as deurslaggewend. Omdat wit vroue in die lys opgeneem is, was net ongeveer 'n agtste van die stemgeregtigdes in Stellenbosch nou bruin. Nietemin was die stem belangrik genoeg vir die VP om baie aandag daaraan te bestee.

Bruin deelname aan die verkiesing was in 1938 vir die eerste keer 'n groot strydpunt tussen die partye, anders as in die verkiesings van 1924 en 1929. In *Die Burger* se beriggewing het 'n toon van onverdraagsaamheid en ingehoue aggressie teenoor bruin kiesers ingekruip wat nie voorheen daar was nie.

Die Stellenbosch-setel is betwis deur Bruckner de Villiers vir die NP en Henry Fagan vir die VP. La Grange en die ander ANB-leiers was verbitterd teenoor die NP en het die party openlik van verraad beskuldig. Die NP het nou aparte kieserslyste vir bruin kiesers, 'n verbod op huwelike tussen wit en bruin, en verpligte woonbuurtskeiding voorgestaan. Op vergaderings ter ondersteuning van Fagan het La Grange gesê dat die bruinmense nie sosiale gelykstelling met die witmense soek nie, maar gekant is teen die NP se beleid van aparte woonbuurte, aparte vakverenigings, "aparte alles".[8]

Van die staanspoor het die VP sy aanvalle gemik op doktor Malan se "Gesuiwerdes" se ommeswaai in die beleid teenoor die kleurlinge. Op Stellenbosch het generaal Hertzog, Eerste Minister en VP-leier, verklaar dat die "ou NP", met Malan se volle ondersteuning, die kleurlinge herhaaldelik verseker het dat politieke en ekonomiese segregasie nie op hulle van toepassing gemaak sou word nie.[9] Fagan het die NP veroordeel as die kleurlinge se vyand.

Die NP het dit ontken, maar terselfdertyd rassegevoelens openlik aangewakker. Hulle het die VP daarvan beskuldig dat die party tydens die veldtog op plekke saam met die kleurlinge "piekniek hou". Malan het gekla dat daar op Oudtshoorn 'n aandskool gestig is wat kleurlinge leer lees en skryf het sodat hulle op die kieserslys kon kom. "So ver gaan dit wanneer blanke en gekleurd saam moet stem", het Malan gekla, asof hy

8. *Die Burger* , 30 Maart 1938.
9. R. van der Ross, *The Rise and Decline of Apartheid: A Study of Political Movements among the Coloured people of South Africa, 1880-1985* (Tafelberg, Cape Town, 1986), p 121.

nie daarvan bewus was dat kleurlinge al tagtig jaar saam met witmense gestem het nie.[10]

Onder bruin kiesers was daar ’n nuwe drif en driftigheid teenoor die NP. In 1938 was dit vir hulle maklik om aan te neem dat die NP nie veel meer as ’n kwesbare randparty met net twintig verteenwoordigers in die Volksraad was nie. Bruin kiesers het NP-sprekers met vrae gepeper, iets wat *Die Burger* klaarblyklik ontstig het. Op 7 April 1938 het die koerant oor ’n NP-vergadering in Mowbray, waar Bruckner de Villiers een van die sprekers was, berig. Die berig se opskrifte lui:

> Astrantheid op vergadering
> Sekere kleurlinge se houding
> Blanke beledigings toegesnou
> Geen aparte kieserslys se gevolge

Die berig begin soos volg:

> Kleurling-astrantheid het gisteraand ... gebotvier. Die saal was vol nasionaliste, terwyl nagenoeg 100 kleurlinge agter die blankes saamgedrom het. Toe vraetyd aangebreek het, het kleurlinge by tye so lawaaierig geword dat die blanke vraestellers heeltemal op die agtergrond gedruk is.[11]

Die stryd het in felheid toegeneem hoe nader stemdag gekom het. Op 3 Mei 1938 het Fagan die bruin kiesers op ’n vergadering in Idasvallei toegespreek onder voorsitterskap van een van die inwoners, ene meneer Gordon. Meneer Pereira, ’n wit steunwerwer van Fagan, het gevra: “Hoe kan mense dit oorweeg om vir so ’n man [Bruckner de Villiers] te stem? As julle vir sy party stem, sal jul stemreg ook weggeneem word ... [en] is julle binne tien jaar almal weer slawe.” ’n Bruin spreker het verklaar: “Op 18 Mei sal die oë van die land op Stellenbosch wees. En ons gaan wys dat ons plek hier is – tussen die blanke al die dae van ons lewe.”[12]

Op ’n ander vergadering van bruin kiesers het Fagan *Die Burger* daarvan beskuldig dat hy rassegevoelens opsweep. Die koerant het hom nie veel gesteur aan die teregwysing nie. In ’n hoofartikel getitel “Kleurling-Smelters” het *Die Burger* geskryf:

---

10. *Die Burger*, 25 April 1938.
11. *Die Burger*, 7 April 1938.
12. *Die Burger*, 3 Mei 1938.

> Daardie vernederende toestand, waaronder 'n blanke na die kleurlingstem vry deur sy mede-blankes voor die kleurlinge sleg te maak, sal voortduur solank as die kleurlinge nie aparte verteenwoordiging het nie. Dit sal dus voortduur solank as die Smeltersparty aan die bewind bly. Wil die volk so 'n toestand laat voortbestaan?[13]

Op nog 'n vergadering op Stellenbosch het 'n meneer Olivier, 'n bruin spreker, verklaar dat die NP nie meer die bruin stem wil hê nie. Daarteenoor het Fagan gesê: "Ek wil jul stem hê en in ons party is plek vir julle." Hy het voortgegaan: "Ons behoort aan die blanke man en die blanke man behoort aan ons." Nog 'n bruin spreker het die kleurlinge daarop gewys dat hulle die deurslag tussen die partye kon gee. Hy het hulle aangemoedig om hulle stem te gebruik.[14]

Die vergaderings wat vir wit kiesers gehou is, vorm 'n skerp kontras. *Die Burger* berig dat doktor D.F. Malan voor 'n wit gehoor op Stellenbosch die NP-beleid van segregasie onder groot toejuiging uiteengesit het. Dit was die oplossing vir "die allesoorskaduwende kleurvraagstuk en die armblankevraagstuk." 'n Mosie van vertroue is feitlik eenparig aangeneem.[15] Tussen die wit en bruin kiesers was daar in die verkiesing van 1938 'n veel dieper kloof as voorheen.

In die verkiesing van 1938 het Fagan vir De Villiers met dertig stemme geklop. Volgens De Villiers se vrou het die bruin kiesers van Stellenbosch omtrent deur die bank vir die VP gestem. Landswyd het die VP 111 setels gewen en die NP 27, waarvan 20 in die Kaapprovinsie was.

## Polarisasie in die landspolitiek

In die twee jaar voor 27 en 28 Julie 1940, toe die sogenaamde "Slag van Andringastraat" op Stellenbosch plaasgevind het, het hoopvolle verwagtinge en bittere teleurstellings onder NP-ondersteuners op Stellenbosch wipplank gery. Veral die uitslag van die verkiesing van 1938 was vir die NP 'n bittere teleurstelling. Die bruinmense, aan die ander kant, kon versigtig optimisties wees dat die VP na die verkiesing van 1938 met groter simpatie na hulle belange sou kyk.

---

13. *Die Burger*, 14 Mei 1938.
14. *Die Burger*, 30 Maart 1938.
15. *Die Burger*, 13 Mei 1938.

Die viering van die eeufees van die Groot Trek, wat in die tweede helfte van 1938 plaasgevind het, het vir 'n paar maande lank groot entoesiasme onder Afrikaners gewek. Nege ossewaens het 'n trek van Kaapstad na die Noorde onderneem. Schalk Pienaar van *Die Burger*, wat een van die trekke as 'n jong verslaggewer vergesel het, het later geskryf dat daar iets merkwaardigs gebeur het:

> Die vreedsame waentjies het op positiewe wyse bewerkstellig wat anders met 'n volk op 'n negatiewe wyse gebeur wanneer daar oorlog kom, of reeds is, wanneer die volk homself in sy wese bedreig voel. Die waentjies het, soos Vader Kestell, die groot kerkman van daardie jare, dit ingeklee het, die volk van sy bestaan magtig bewus gemaak … Die hele volk is in die hart gegryp.[16]

Die opwinding het egter teen die begin van 1939 vervaag en die land se politiek was weer in sy gewone ritme. Niemand het 'n NP-oorwinning in die volgende dekade as 'n moontlikheid beskou nie.

Skielik het die politiek dramaties verander. Onder die leiding van generaal Smuts het die Volksraad vroeg in September 1939 met 'n skrale meerderheid van dertien besluit om saam met Brittanje oorlog teen Duitsland te verklaar. Die VP het geskeur. Sir Patrick Duncan, die Goewerneur-generaal, het Hertzog se versoek geweier om die parlement te ontbind en 'n verkiesing uit te roep. Hy het vir Smuts gevra om 'n kabinet saam te stel. *Round Table*, 'n gesaghebbende tydskrif, het geoordeel dat die teenstanders van die oorlog so 'n verkiesing sou gewen het.

Die twee wit gemeenskappe het oornag diep verdeeld geraak. Die Engelse gemeenskap was sterk ten gunste van Suid-Afrika se deelname aan die oorlog. In dié gemeenskap was daar woede omdat so baie Afrikaners 'n oorlog teengestaan het waarin, volgens hulle mening, die toekoms van vryheid en demokrasie in die wêreld op die spel gestaan het.

Die Nasionaliste was verbitter omdat die land met 'n skrale meerderheid gewikkel geraak het in 'n oorlog wat hulle in die eerste plek as Engeland se oorlog beskou het. N.P. van Wyk Louw het na die oorlogsverklaring verwys as "'n groot nederlaag" vir Suid-Afrika omdat dit volgens hom die land se onderdanigheid aan Brittanje beklemtoon het.[17] Die Nasionaliste se teenstand sou later ook uiting vind in aggressie

---

16. S. Pienaar, *Getuie van groot tye* (Tafelberg, Kaapstad, 1979), pp 8-9.
17. J.C. Steyn, *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal* (Tafelberg, Kaapstad, 1998), p 277.

waarvan die sporadiese sabotasie en terreur van die Ossewa-Brandwag die uiterste vorm was. Hierdie aggressie het baie met die Nasionaliste se gevoel van verydeling en magteloosheid te doen gehad.

**"'n Erg opgesweepte gevoel"**

'n Mens kan maar net met huiwering spekuleer oor wat in gemoedere op Stellenbosch vaardig was in daardie laaste naweek in Julie 1940 toe die onluste, later bekend as die "Slag van Andringastraat" uitgebreek het. Klaarblyklik was dit die kulminasie van spanning wat in die voorafgaande jare opgebou het. Voor die oorlogsverklaring was die Hertzog- en Malan-ondersteuners redelik gelykop onder die dosente op Stellenbosch verdeel. Daarna het die meeste hulle by die Malan-kamp geskaar. Daar was groot onverdraagsaamheid tussen die pro- en anti-oorlogfaksies op die kampus, iets wat volgens 'n studie deur J.J. Broodryk, heeltemal onbekend op Stellenbosch was.[18]

Op Stellenbosch en in die Paarl was die bruin gemeenskap sedert die verkiesing van 1898 daaraan gewoond dat die verskillende partye kliphard om hulle stem meegeding het. Alhoewel daar waarskynlik min bruin kiesers was wat vir Bruckner de Villiers gestem het, of by die Afrikaanse Nasionale Bond aangesluit het, was die NP se pogings om hulle steun te werf, 'n aanduiding dat hulle deur al die groot partye as kiesers en burgers gereken is.

Onder die kleurlinge van Stellenbosch was daar ongetwyfeld groot ontsteltenis oor die NP se planne om hulle op 'n aparte lys te plaas en as politieke faktor heeltemal uit te skakel. 'n Ander ontstellende ontwikkeling was die NP se aandrang op woonbuurtskeiding tussen bruin en wit. Aan die ander kant kon die kleurlinge krag daaruit put dat die NP in die 1938-verkiesing op Stellenbosch verslaan is.

Dit is heel moontlik dat kleurlinge ná die oorlogsverklaring van September 1939 en die skeuring in die VP die gevoel gekry het dat die politiek uiteindelik in hulle guns begin swaai het. Generaal Smuts was aan die bewind en het saam met die Weste die stryd teen die Nazi's en Fasciste met hulle verderflike leer van rassisme aangesê. Wit- en bruinmense het in die Suid-Afrikaanse leër skouer aan skouer gemarsjeer.

18. J.J. Broodryk, "Stellenbosse akademici en die politieke problematiek op Stellenbosch, 1934-1948". MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1991, p 85.

Moontlik het al hoe meer kleurlinge op Stellenbosch daaraan begin dink om hulle openlik teen die witmense se houding van meerderwaardigheid te verset en om, soos Fagan hulle voor die 1938-verkiesing aangeraai het, hulle burgerregte te gebruik. *Die Burger* het die situasie van 'n teenoorgestelde hoek benader. Die koerant het geredeneer dat die regerende party en die Engelse koerante 'n beeld geskep het van die Afrikaners as mense wat skuldig is aan "vyfde kolonne-bedrywighede" en landsverraad. Dit het, volgens dié koerant, die witmense se aansien 'n knou by bruin- en swartmense toegedien.[19]

Intussen was daar twee oorlogsmaatreëls wat Nasionaliste op Stellenbosch hewig ontstel het. Die een was dat alle burgers landswyd vuurwapens en enigiets anders wat as wapen gebruik kon word, by polisiekantore moes inlewer. Doktor Malan het met verwysing na hierdie en ander reëls opgemerk: "Die Afrikaner word in sy eie land ... as 'n vreemdeling behandel en ontwapen."[20]

In September 1940 het R.W. Wilcocks, die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch (US), vergesel van 'n senior polisie-offisier, 'n vergadering toegespreek waar studente gelas is om hierdie opdrag te gehoorsaam. Alle wapens – knuppels, pangas, fietskettings, grootlem-messe, sabels en kieries – moes by die polisiekantoor ingelewer word. Oortreders sou swaar gestraf word. Nadat hulle die vergadering verlaat het, het die huisvergadering van Dagbreek besluit om die versoek te verwerp. Die besluit lui: "Geen wapens van welke aard ook al, word ingelewer nie, maar wel vir toekomstige gebruik gebêre in die pakkamertjie."[21] Daar is slegs een bron vir hierdie bewering, maar as dit korrek is, toon dit dat die studente bereid was om eie reg te gebruik en sekere oorlogsmaatreëls teen te staan.

In die berigte en kommentaar van *Die Burger* oor die botsings wat op 27 en 28 Julie 1940 tussen kleurlinge en studente op Stellenbosch sou uitbreek, word klem gelê op die ontwapening van witmense as 'n onderliggende oorsaak. Die koerant het hierdie konteks verskaf:

> Die gevoel tussen die blankes en gekleurdes is tans erg opgesweep op Stellenbosch, aangesien die parmantigheid van sommige van die

---

19. *Die Burger*, 30 Julie 1940.
20. S.W. Pienaar (red.), *Glo in u volk: Dr. D.F. Malan as redenaar, 1908-1954* (Tafelberg, Kaapstad, 1964), p 46.
21. D.F. van der Merwe, "Tydens die 'tweede' Dagbreek-wêreldoorlog", *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe, Dagbreek-koshuis, Stellenbosch, 1971), p 70.

> dorpsvolk geen grens meer ken nie. Tydens die bakleiery is die mees beledigende benamings en skeldtaal aan die blankes toegesnou, terwyl aan die blankes herhaalde kere blyke gegee is dat hulle besef dat die blankes tans weerloos en ontwapen is."[22]

In 'n hoofartikel op 30 Julie 1940 beklemtoon *Die Burger* dat die Regering se ontwapening van die witmense 'n gevaarlike simboliese sein gestuur het. Die hoofartikel onder die opskrif "'n Waarskuwing" lui:

> Op Stellenbosch is die opmerking van gekleurde kant gehoor dat "die boere mos wapens afgegee het". Die geval is geen uitsondering, te oordeel aan *Die Burger* van die platteland nie. Laat die regering hierop let. Hy moet weet van die uitwerking wat die opkommandering van gewere ... op die gemoed van die gekleurde het en van die astrantheid waartoe die kommandering van wapens reeds aanleiding gegee het. 'n Erkende teken van baasskap is die blanke ontneem."[23]

Net onder die oppervlakte was daar die verband wat witmense oor feitlik die hele koloniale geskiedenis gelê het tussen die afgee van hulle wapens en 'n onvermoë om hulle vroue teen die gekleurde bevolking te beskerm. In dieselfde uitgawe berig *Die Burger* onder die opskrif "Eikestad se vroue besorgd" oor 'n telegram wat ná 'n "verteenwoordigende vrouevergadering" op Stellenbosch aan generaal Smuts en die Minister van Polisie gestuur is. Hierin word die Regering om die teruggawe van die wapens gevra, asook om polisieversterkings "vir die beskerming van ons vroue en kinders, veral dié wat deur gebrek aan doelmatige wetgewing in woonbuurte tussen kleurlinge woon".[24]

Die ander maatreël was 'n bidpouse wat op inisiatief van die Burgemeester van Kaapstad in die stad ingestel is. Dit het bepaal dat voetgangers in die middestad ná die kanonskoot op die middaguur vir twee minute lank moes stilstaan en bid vir 'n oorwinning van die Geallieerde Magte in Europa. Ná twee minute is 'n beuel geblaas en eers dan kon mense weer beweeg. Diegene wat die regulasie verontagsaam het, het die gevaar geloop om deur soldate en matrose toegetakel te word – "to be completely and deservedly beaten up", soos dit destyds gestel is. Onder Stellenbosse studente het die leuse ontstaan: "Moenie keer nie, slaan eerste."[25]

22. *Die Burger*, 29 Julie 1940.
23. *Die Burger*, 30 Julie 1940.
24. *Die Burger*, 30 Julie 1940, "Eikestad se vroue besorgd".
25. Van der Merwe, "Tydens die 'tweede' Dagbreek-wêreldoorlog", p 72.

Die gedwonge bidpouse in Adderleystraat het wrywing veroorsaak. Daar word vertel dat generaal Smuts op 'n keer in Adderleystraat afgeloop het toe die kanon afgegaan en die bidpouse begin het. Sy *aide de camp* het hom vermaan: "Generaal, ons moet eers stilstaan – dis bidpouse." Vererg antwoord die Eerste Minister hom: "Is hierdie nonsens nog aan die gang?" Die Slag van Andringastraat het nie in isolasie gebeur nie. Dit is voorafgegaan deur onluste in Kaapstad wat ons hieronder die "Slag van Adderleystraat" sal noem.

## Die Slag van Adderleystraat

Benewens die berigte in die Kaapstadse dagblaaie, is daar drie verslae van studente wat hulle herinneringe van die onluste in Adderleystraat en Andringastraat geboekstaaf het. Die verslag van Jan Rabie, gepubliseer in 1956, word aangebied as 'n kortverhaal, getitel "Stellenbosch, my vallei". Die Rabie-verhaal vertel hoe hy hom op 'n bergklimtog in 1954 hoog in die Alpe bevind het. Hy het op 'n vallei ver onder neergekyk. Skielik het hy aan 'n ander vallei teruggedink – die Eersteriviervallei, waar hy sy studentejare deurgebring het. Die verhaal meld dat 'n sekere gebeurtenis vir veertien jaar lank "sonder skaamte" in sy herinneringe geskuil het.[26] Algaande kruip daar in die vertelling 'n toon van onthutsing in. Rabie se biograaf, John Kannemeyer, stel dit so:

> 'n Ontsettende angs, verlatenheid en ontreddering sak op hom toe. Is dit angs omdat hy indertyd deelagtig was aan 'n stuk onmenslikheid, 'n verlatenheid oor die aantasting van medemense, wat hom lewenslank sou bybly[27]

Die ander twee herinneringe, albei van oudstudente, is eers gedurende die 1970's gepubliseer. 'n Verslag van dominee David van der Merwe, gepubliseer in 1971 in 'n halfeeu-gedenkboek van die koshuis Dagbreek, kom na aan 'n verheerliking van die studente se optrede. Hy het die gebeure in Andringastraat gesien as iets wat die koshuis se "historisiteit" verhoog het. Uit ander verslae blyk dit dat baie studente van die koshuis aan die onluste deelgeneem het.[28]

Daar is 'n toon van gekwalifiseerde apologie in die verslag van Schalk Pienaar, later redakteur van die Sondagkoerant *Die Beeld* (een van

26. J. Rabie, *Een-en-twintig* (A.A. Balkema, Kaapstad, 1956), p 75.
27. J.C. Kannemeyer, *Jan Rabie* (Tafelberg, Kaapstad, 2004), p 78.
28. Van der Merwe, "Die 'tweede' Dagbreek-wêreldoorlog", pp 70-74.

die voorgangers van *Rapport*), wat sy herinneringe in 1979 op skrif gestel het. Hy skryf:

> Al verskoning wat ek vandag kan aanvoer – as ’n mens dit ’n verskoning durf noem – is dié wat Churchill gegee het toe aan hom gevra is watter verskoning hy eendag voor die Regterstoel kan gee vir die gooi van die atoombom op Hiroshima. Sy antwoord was dat hy sal sê: “Lord, at the time I was awfully angry.”[29]

Al verklaring vir die ongevoeligheid in Van der Merwe en Pienaar se verslae, is dat hulle in hulle herinneringe klaarblyklik die “Slag van Adderleystraat” en “Slag van Andringastraat” verweef laat raak het. In eersgenoemde geval was daar in ’n sekere mate regverdiging vir die studente se optrede; vir laasgenoemde geval was daar nie.

Wat het presies gebeur? Pienaar verklaar met verwysing na die Adderleystraat-gebeure en die Andringastraat-nasleep: “Die hele spulletjie het uit die Ossewa-Brandwag gebore geraak.”[30] Hierdie massabeweging het tydens die simboliese ossewatrek van 1938 ontstaan en vinnig ná die oorlogverklaring in September 1939 gegroei. Daar was onder die lede ’n romantiese verlange om met “direkte aksies”, wat betogings, oproer, geweldpleging en in enkele gevalle terreur ingesluit het, die Regering lam te lê. Die einddoel was om met Duitsland se hulp die staat omver te werp en ’n Afrikanerrepubliek te stig. Dit sou ’n soort diktatuur wees waarin “volksgenote” as die enigste eersterangse burgers erken sou word.

In Mei en Junie 1940 het Nazi-Duitsland se troepe Nederland, België en Frankryk verrassend snel verower. ’n Mag van ongeveer 400 000 Britse en Franse troepe het oor die Engelse kanaal na Brittanje gevlug. Op 22 Junie 1940 het die Franse regering gekapituleer. Toe Pienaar en die ander studente iets meer as ’n maand later besluit het om die bidpouse in Kaapstad te gaan ontwrig, het dit gelyk of die oorlog verby is. Dit was moontlik om te glo dat met die hulp van Duitsland ’n republiek binnekort in Suid-Afrika uitgeroep sou kon word.

Pienaar en baie van die ander studente in die groepie was nie soseer pro-Nazi-Duitsland nie, maar eerder anti-Brittanje. Hy skryf:

> Nou was daar darem heelparty van ons mense wat geen duiwel omgegee het van wie die Britte ’n pak slae kry nie. Gaan staan en bid

29. Pienaar, *Getuie van groot tye*, pp 24-29.
30. Pienaar, *Getuie van groot tye,* p 24.

> dat die Britte wen? Nooit gehoor nie. Maar as jy stap – praat van vryheid en demokratiese regte in Kaapstad – dan word jy gemoker ... Ons sal Kaapstad toe gaan en in die bidpouse stap. Die hel haal die man wat aan ons probeer slaan.[31]

Vroeg die oggend van 27 Julie 1940 was Pienaar onder die groep Stellenbosse studente wat per motor en per trein Kaapstad toe gegaan het om teen die bidpouse te betoog. Berigte van die plan het soldate en matrose bereik en hulle het reg gestaan om die studente 'n les te leer. Toe die kanonskoot op die middaguur afgaan, het twee studente, Umtali Joubert (wat vir sy universiteit geboks het) en Daantjie Barnard in Adderleystraat afgestap. Dit was op die hoek waar die bekende winkel Fletcher en Cartwright gestaan het. Toe die beuel ná twee minute blaas, het daar 'n woeste geveg tussen die soldate en matrose aan die een kant en die studente aan die ander kant uitgebreek. Vanuit die geledere van die toeskouers is krete gehoor: "Kill the damn Dutchmen" en "Down with the bastard Nationalists."

Ná 'n halfuur is die vrede herstel. Soldate en polisie het die studente na Darlingstraat teruggedruk, waar hulle in die woorde van die *Cape Times* "Afrikaners landgenote" op die wysie van "Deutschland über alles" gesing het. Die skare het met "Rule Brittania" geantwoord. Daarna het die soldate weer in Adderleystraat opgemarsjeer terwyl hulle "There will always be an England" gesing het.[32]

Wie hierdie geveg in Adderleystraat "gewen" het, is moeilik om te sê. In Van der Merwe se weergawe het die studente 'n klinkende oorwinning behaal, maar Pienaar se verslag laat dit meer klink of niemand die oorhand kon kry nie. Die klem van die twee Engelse dagblaaie val op die feit dat die studente die geveg begin het. Die Saterdagaand-uitgawe van die *Cape Argus* het die volgende opskrifte oor die berig bo die verslag van die gebeure gehad:

> Noonday pause rashly dishonoured
> Loyal soldiers and civilians beaten up in a riotous clash with students
> Cartwright's corner scene of street fighting[33]

Pienaar meld dat sy groep studente ná afloop van die gevegte in Adderleystraat "'n bier of twee" gaan drink het. Almal het gewonder hoe die *Cape Argus*, wat die aand teen nege-uur op Stellenbosch verkoop sou

31. Pienaar, *Getuie van groot tye,* p 24.
32. *Cape Times*, 29 July 1940.
33. *Cape Argus*, 27 July 1940.

word, oor die gebeure sou berig. Die enigste plek op Stellenbosch waar dit te koop was, was Senitzky se kafee in Andringastraat, 'n entjie van Ackermans se hoek en regoor die huidige stadsaal. Wit en bruin het altyd saam in die tou, wat gewoonlik lank was, gestaan om die koerant by twee klein venstertjies in 'n deur van die kafee te koop. Pienaar skryf: "Daar was lankal ergernis oor die indring van mense in die tou." Hy vervolg dan: "Vol moed en gloed oor Adderleystraat word oor die laaste bier besluit dat sulke dinge vanaand na behore gehanteer sal word."[34]

## Die "Slag": Saterdagaand

Min van die deelnemers en waarnemers is dit eens oor waarom die onluste die Saterdagaand op Stellenbosch uitgebreek het. Omtrent al waaroor al die partye saamstem, is dat die gewone gestoei uitgebreek het net na die *Cape Argus* se "City Late Edition" tussen halfnege en nege-uur die aand by Senitzky se kafee in die straat opgedaag het. Mense het handgemeen geraak en dit het in 'n bakleiery tussen studente en kleurlinge ontwikkel. Dit het gou in 'n klipgooiery oorgegaan. Die "ammunisie" is verkry van 'n berg gebreekte betonklip wat met die oog op die bou van 'n stadsaal oorkant die straat gelê het.

Oor sowel die raamwerk as die onmiddellike aanleiding van die gevegte, is daar skerp verskille. Z. (Cissie) Gool, 'n dogter van doktor Abdullah Abdurahman, het opgetree as 'n segspersoon van gegriefde Stellenbosse inwoners nadat sy die Sondagmiddag net na die onluste met 'n groep van hulle onderhoude gevoer het. Sy het in 'n brief aan die *Cape Times* geskryf dat hoë polisie-offisiere en die bruinmense van Stellenbosch saamgestem het dat die studente aangeval het sonder dat hulle uitgelok is. Volgens Gool moes die oorsaak gesoek word in die feit dat die studente wat van Kaapstad teruggekeer het, nog hulle wonde gelek het ná die nederlaag wat hulle vroeër in Adderleystraat gely het en dat hulle toe die aand op lafhartige wyse hulleself op weerlose kleurlinge op Stellenbosch gewreek het.[35]

Wie die aand op Stellenbosch die eerste moeilikheid gemaak het, is 'n twispunt. Van der Merwe se relaas lui so:

> Almal wil die *Argus* koop. Studente en nie-blankes sukkel deurmekaar om die oplaag by te kom. In die gedrang word 'n paar studentedames opsy gestamp. Woorde volg, vuiste swaai, en net gou

34. Pienaar, *Getuie van groot tye*, p 27.
35. *Cape Times*, 30 July 1940.

> reën die betonklippe. Senitzky se winkelvensters spat in skerwe. 'n Paar bebloede ongevalle word verwyder.[36]

Pienaar se verslag wek die indruk dat die groepie ná hulle "veldtog" in Kaapstad van plan was om, soos hy dit stel, die indring in die tou in Andringastraat, wat op vorige Saterdagaande ook gebeur het, "na behore" te hanteer. Hy skryf: "Sal dit dan toe nie so gebeur dat dieselfde Daantjie Barnard [een van die twee studente wat in Adderleystraat gestap het] daardie aand 'n kleurling pak nie." Hy meld dat Barnard later in 'n hof aan aanranding skuldig bevind en 'n boete opgelê is, wat sy maats hom help betaal het.[37]

Die verskillende koerante bevat botsende weergawes oor die katalisator wat die geveg laat ontstaan het. Die *Cape Times* van 29 Julie 1940 se berig lui: "On Saturday night trouble broke out at the shop, and in a fight which followed a coloured man is alleged to have drawn a knife. Other Europeans ran to the scene and the non-European section was driven off." Ontsteld het Gool die volgende dag hierdie weergawe in 'n koerantbrief verwerp.[38] *Die Burger* van 29 Julie 1940 meld ook niks van 'n mes wat uitgepluk is nie. Die koerant skryf dat die kleurlinge "reeds 'n geruime tyd aanstoot gee deurdat hulle tussen die blankes indruk en dames wegstamp om eerste die koerant te bekom." Dit voeg dan by: "Sommige studente het egter daadwerklik opgetree en na enkele skermutselinge is die oproermakers van die toneel verdryf." Volgens 'n meegaande berig het daar na 'n "geringe insident" "ernstige gevegte tussen kleurlinge en studente" ontstaan, maar geen besonderhede word verskaf nie.

Die *Cape Argus* wat Maandagmiddag verskyn het, bied die ewewigtigste verslag oor die uitbreek van die geweld. Dit gee drie verskillende weergawes van die insident. Volgens een weergawe het 'n student neerhalende opmerkings oor generaal Smuts gemaak, en toe 'n kleurling hom teregwys, het 'n groep studente hom aangerand. Die weergawe wat van die studente se kant aan die verslaggewer gegee is, meld dat 'n student 'n bruinman geslaan het nadat hy hom gestamp het. 'n Derde weergawe lui dat studente in groepe van twaalf of vyftien gereed gestaan het. Toe die koerante kom, het hulle op die kleurlinge in die tou afgestorm. Die berig meld dat daar getuienis is dat die aanval vooraf beplan is.

---

36. Van der Merwe, "Die 'tweede' Dagbreek-wêreldoorlog", p 72.
37. Pienaar, *Getuie van groot tye*, p 27-28.
38. *Cape Times*, 30 July 1940.

Saam dui die verslae en berigte oorweldigend daarop dat studente die aggressors was en dat die vuurhoutjie by die lont die geveg was wat die student Daantjie Barnard met 'n kleurling begin het. Die groepie studente wat van Kaapstad teruggekeer het, het waarskynlik vooraf afgespreek om hom te hulp te snel. 'n Klipgooiery het gevolg en die gevegte het gou uitgekring. Willem Lubbe, later 'n sakeman op die dorp, onthou dat hy die aand in die Plaza-bioskoop in Birdstraat gesit het toe 'n flits op die doek verskyn: "Kom help. Die studente en die kleurlinge baklei."[39]

Die verslae van Pienaar en Van der Merwe verwys in algemene terme na die daaropvolgende gebeure. Pienaar skryf: "[Daardie] Saterdagaand breek die duiwel op Stellenbosch los ... Eiendom en voertuie word op 'n streep vernietig." Van der Merwe se verslag is in dieselfde trant: "'n Volskaalse oorlog het begin en woed dwarsdeur die nag."[40]

Jan Rabie se verhaal is dramaties. Hy skryf dat hy gehoor het van 'n kleurling wat 'n wit meisie opsy gestamp het. Hy verwys na 'n "gemeenskaplike woede", 'n "wolwetrop" van studente wat in 'n "verontwaardigde agtervolging" straataf hardloop en "gemeenskaplik jag". Twintig, dertig spring op na 'n akkerboom se takke om gemeenskaplike slaangoed te kry. 'n Reën klippe stuit die studente. 'n Handjie vol polisie los skote in die lug.[41]

Rabie se verslag is hier kripties, maar 'n mens kan aflei dat die studente takke gepluk het om slaangoed te kry. Hulle sou waarskynlik kinders eerder as volwassenes daarmee wou slaan. Een van die briefskrywers in die *Cape Times* meld dat die studente nie volwasse kleurlinge aangeval het nie, maar bruin kinders wat gestuur is om vir hulle ouers die koerant te koop. Sy voeg by dat "several children of respectable coloured families had been seriously injured."[42]

Ná die eerste volskaalse botsing was dit vir 'n kort rukkie rustig. Tussen nege-uur en tienuur het kleurlinge twee wit seuns wat per fiets in Andringastraat afgery het, met klippe bestook. Een het "in 'n gehawende toestand" die hulp van die polisie ingeroep.[43] Speurder-sersant Baard het hom na die toneel gehaas en die studente en kleurlinge toegespreek.

39. Onderhoud met Willem Lubbe, 15 Mei 2005.
40. Pienaar, *Getuie van groot tye*, p 27.
41. Rabie, *Een-en-twintig,* p 77.
42. *Cape Times*, 31 July 1940, letter of "Fairplay".
43. *Die Burger*, 29 Julie 1940.

Intussen het 'n groep kleurlinge laer af by Crozierstraat hergroepeer. Hulle getalle het van vyftig tot 'n honderd aangegroei. In die straat was 'n private koshuis, Proteahof, geleë. Na bewering het hier studente gewoon wat kleurlinge by Senitzky se kafee aangerand het. Die groep kleurlinge het die koshuis met klippe bestook en ruite stukkend gegooi. 'n Motor is ook met klippe bestook en al die vensters is uitgegooi. Die bestuurder het met snye weggekom.

Ná 'n oproep om hulp van die studente in Proteahof, het sowat 'n honderd inwoners van Dagbreek opgedaag. Die studente en kleurlinge het 'n ent weg van mekaar stelling ingeneem. *Die Burger* en die *Cape Argus* verskil heeltemal oor wat hierna gebeur het. *Die Burger* se berig lui: "Die studente was blootgestel aan 'n aanhoudende reën van klippe en verskeie is ernstig beseer." Volgens die *Cape Argus* het 'n groep studente van tussen twee- en driehonderd sterk, gewapen met stokke en ander voorwerpe in die dorp se bruin buurt inbeweeg en bruinmense aangeval. Die bruinmense het teruggeveg met klippe en messe.[44]

Kort daarna het die plaaslike burgermag en polisieversterkings uit die Paarl, Kuilsrivier en Kaapstad opgedaag. Volgens die *Cape Times* het die studente gedreig om die bruin buurt aan te val. *Die Burger* beweer weer dat die polisie en studente blootgestel was aan "bestoking van klippe vanuit die huise van kleurlinge wat langs Andringastraat woon". So 'n voorval word nie deur die Engelse blaaie vermeld nie.

Op hierdie tydstip het Louis Hofmeyr, die burgemeester, opgedaag. Hy het probeer om die twee groepe te kalmeer en het hulle versoek om uiteen te gaan. Volgens die *Cape Argus* het die kleurlinge gesê dat hulle sal gehoorsaam op voorwaarde dat die studente hulle nie verder molesteer nie. Die studente het die versoek geïgnoreer. Nadat die studente nog 'n keer geweier het om gehoor te gee, het die polisie gereed gemaak om hulle te bestorm. Die twee groepe het daarna uiteengegaan. Rabie skryf: "En skielik ... is dit verby en kan ons opgewonde spogtend huis toe gaan."[45] Teen twaalfuur die nag was die kalmte herstel.

---

44. *Die Burger*, 29 Julie 1940; *The Cape Argus*, 29 July 1940.
45. Rabie, *Een-en-Twintig*, p 77.

**Die "Slag": Sondagmiddag**

Die Sondag was stil tot die middaguur. Volgens die *Cape Times* het 'n groepie kleurlinge teen ongeveer 10:30 by 'n huis in Crozierstraat opgedaag en van die vensters met klippe bestook. Net na eenuur die middag het 'n skare van ongeveer 'n honderde kleurlinge van Du Toitstasie al met Andringastraat afbeweeg. Sommige het 'n kruiwa vol klippe gestoot.

Tussen twaalfuur en eenuur het van die mense in hierdie groep 'n motor wat in Andringstraat afgery het, met klippe bestook. Die bestuurder het na Dagbreek gejaag en die inwoners van die bruin opmars vertel. Terselfdertyd het iemand uit die middedorp die koshuis gebel met die noodroep: "Kom help ons, ons word aangeval." Jan Rabie, 'n inwoner van Wilgenhof, skryf dat 'n gerug die studente in daardie koshuis "blindelings laat gehoorsaam" het. Hulle was, in Rabie se woorde, "'n wit en jeugdige gespuis, 'n duisend sterk".

Binne enkele minute het 'n groot massa studente, gewapen met hokkiestokke, fietskettings en ander apparate, na die hoek van Victoria- en Andringastraat gestroom. Pienaar vertel dat sy buurman, professor Gawie Cillié van Opvoedkunde, aangebied het om hom sy pistool te leen. Pienaar het geantwoord: "Doktor, dankie, maar ek dink nie dit sal nodig wees nie."[46]

Op die hoek van Victoria- en Andringastraat was daar net enkele polisiemanne by 'n polisievangwa wat die bruin optog ingewag het. Die polisie het probeer om die optog terug te dwing. Klippe het op die polisievangwa gereën. Op daardie oomblik het 'n groep van etlike honderde studente by die straathoek opgedaag en die bruin skare bestorm. Van der Merwe se verslag lui: "Toe bars die hokkiestok-, fietsketting- en tennisbaan-regimente soos 'n vloedgolf oor hul teenstanders."[47]

Rabie se verhaal is net so dramaties: "Hierdie keer blink meslemme, doem bylstele by ons op. Die waaghalsiges kruip skerpskuttergewyse op dakke langs. Telkens word een bewusteloos en bebloed na agter gedra. Skreeuend maal ons." Op een tydstip het 'n teologiese student met 'n wit sakdoek aan 'n opgehewe hokkiestok probeer vrede maak. "Vrede, in Godsnaam Vrede," skreeu hy. Maar klippe uit die bruin skare het op hom gereën. Hy moes kop omlaag vlug.

46. Pienaar, *Getuie van groot tye*, p 28.
47. Van der Merwe, "Die 'tweede' Dagbreek wêreldoorlog", p 71.

Weer het die studente gestorm.[48] Rabie skryf dat hy "saamgelag, saamgestorm het", en beskryf homself en sy deelnemersrol in 'n toon van ontsetting en skaamte:

> Soos die ander, 'n jong seun in Sondagklere met 'n haatvertrekte, hygende mond. Oor klippestapels, deur verlate strate waar ons ons meerderwaardigheid met klippe in elke vensterruit betoon het. Al wat nie kruiperig binne hul huise gebly het nie, het ons vir hul aanmatiging vergeld. Hier wit arms wat 'n kleurlingvrou terugstamp deur 'n oop deur, 'n byl wat lig en val oor die trots van die huis, 'n radiostel, terwyl 'n grap met voetbalstewels kners: "Nou het jy twee."; daar voete wat 'n bruin gesig skop tot die rooi bloed spat."[49]

Die studente het nie net die bruin skare aangeval nie, maar ook die huise van bruinmense in Andringastraat en ander strate wat niks met die voorafgaande botsings te doene gehad het nie. Hulle het vensters stukkend gegooi, en in sommige gevalle die huise binnegedring, breekgoed en glase stukkend gegooi en meubels en radiostelle vernietig.

Een van die polisiereserviste wat na Stellenbosch gestuur is, het die volgende dag in 'n brief aan die *Cape Times* sy waarnemings soos volg meegedeel: "Respectable coloured people sitting in their houses were beaten, furniture and wireless sets broken, windows smashed and other damage done by a crowd of students." Hy voeg by: "The behaviour of the students was disgusting and has been condemned by their own professors."[50]

Die bouer Boetie Kannemeyer en sy familie, wat aansien oor die kleurgrens heen geniet het, het pas vir middagete aangesit in hulle huis waar die Lettere en Wysbegeerte-gebou tans staan, toe studente binnebars. Hulle het die gestyfde tafeldoek en alles daarop afgetrek.[51] Daar was 'n berig oor 'n motor in 'n agterplaas wat verwoes is. Dit slaan waarskynlik op Kannemeyer se voertuig.

Volgens die *Cape Times* het die studente feitlik die hele bruin gemeenskap uit hulle huise verdryf, maar dit word nie elders genoem nie. Die *Cape Argus* meld dat gevegte oor 'n groot gebied ontstaan het. Bruinmense het hulle teengesit teen studente van wie baie met stokke gewapen was. *Die Burger* noem dit nie.[52]

---

48. Rabie, *Een-en-Twintig*, p 77.
49. Rabie, *Een-en-Twintig*, p 78.
50. *Cape Times*, 30 July 1940.
51. Onderhoud Willem Lubbe, 2 Junie 2005.
52. *Cape Times*, 29 July 1940; *The Cape Argus*, 29 July 1940.

Die studente se aanval en die gevegte het van ongeveer halftwee tot halfvyf geduur. Toe het polisieversterkings van sewentig man uit Kaapstad en die Paarl opgedaag. Die situasie is as só ernstig beskou dat die mag se offisiere gewapen was met sabels en diensrewolwers, en die manskappe met bajonette geheg aan hulle kort diensgewere.

Die Rektor, professor R.W. Wilcocks, het hom na die gevegsterrein gehaas en by die studente gepleit om hulle aanvalle en plundery te staak. Hulle het gehoor gegee en in die met rommel besaaide Andringastraat begin terugtrek. Die polisiemag het in twee verdeel. Een afdeling het na Du Toitstasie beweeg en ’n ander afdeling, ongeveer dertig sterk, het met bajonette laag gehou, die skare van ongeveer driehonderd studente in Victoriastraat op begin terugdruk.

Laat die Sondagmiddag het die studente ’n monstervergadering gehou. Daar is ’n beroep op die Regering gedoen om onmiddellik vrede met Duitsland en sy bondgenote te sluit, en dat die administrasie van die land aan mense oorgedra moes word wat die belange van Suid-Afrika sou dien. Daar is ook geprotesteer teen die wyse waarop Afrikanerburgers deur voorstanders van die oorlog geïntimideer en uitgetart is.[53]

Teen sesuur die middag het die studente by Dagbreek betoog en die vlae van die Boererepublieke geswaai. Professor E.C. Pienaar, ’n vurige Nasionalis, het die studente hier toegespreek en hulle versoek om die Sondag nie te ontheilig nie. “Afrikaners, julle het regte ... maar dis vandag die Sabbatdag van ons Here ... trag dit dan altyd om dit so te hou ... sy Naam ter ere ... ons Afrikanervolk waardig!”[54] Die studente het daarna uiteengegaan. Blykbaar het ’n vermaning om nie die Sondag te ontheilig nie, meer gewig gedra as ’n beroep om die vrede te bewaar.

Die berig het die daaropvolgende Maandag in die koerant onder die volgende opskrif verskyn:

> Kleurlinge maak amok
> Woeste gevegte op Stellenbosch

*Die Burger* se verslaggewer het uit die hoek van onverbloemde wit baasskap geskryf. Hy het kant vir die studente gekies en wou nie eers sekere aspekte van die studente se gedrag kritiseer nie. Hy het die kleurlinge van geweld beskuldig en die gewelddadige optrede van die

53. *Stellenbosch District Mail*, 2 August 1940.
54. Van der Merwe, “Tydens die ‘tweede’ Dagbreek-wêreldoorlog”, p 73.

studente goedgepraat omdat, volgens die koerant, die kleurlinge "parmantig" was. Daar is verwys na "aanrandings, brutale en onuitgelokte aanvalle op private eiendom", en die berig vervolg dan met hierdie woorde: "Sekere seksies van die kleurlinggemeenskap op Stellenbosch het totaal hande uitgeruk en hulle het letterlik 'n skrikbewind gevoer oor blankes wat naby die kleurlingwoonbuurtes bly."[55]

**"Waarom vredeliewende mense aanrand?"**

Ongeveer 'n week lank het 'n intense polemiek gewoed. Op nasionale vlak het doktor D.F. Malan die geleentheid gebruik om sy party se teenstand teen die oorlog te herhaal. Hy het die Regering vir die onluste op Stellenbosch verwyt en verwys na die "herhaalde aanrandings op weerlose Afrikaners". Volgens hom was die oorsake die ondoeltreffende polisiebeskerming en die gedwonge bidpouse in Adderleystraat.

Generaal Smuts het Malan in sy antwoord geblameer "vir sy opsweping van die publieke gevoel deur die heftige vredesveldtogte en die republikeinse propaganda van sy partygenote, en sy minagting van parlementêre besluite". As gevolg daarvan het daar 'n gees van verset teen wettige gesag ontstaan wat tot wanorde en wetteloosheid gelei het.[56] Malan se standpunt is heel waarskynlik gevorm deur die berigte in *Die Burger*.

In 'n telegram wat Cissie Gool namens die Stellenbosse bruin gemeenskap aan Smuts gestuur het, skets sy die beeld van studente wat sonder provokasie die bruin inwoners aangeval het. Hulle het die uiterste geweld gebruik, huise geplunder en die mense geterroriseer. Sy het dringend versoek dat 'n volle ondersoek ingestel moes word. Die skuldiges moes gestraf word en die bruinmense moes vir skade en hulle persoonlike lyding vergoed word.[57]

Gool se standpunt word omtrent woordeliks herhaal in 'n pamflet getitel *Who Caused the Riots*, uitgereik deur die Non-European United Front of South Africa. Dit verklaar dat die studente se aanvalle nie uitgelok is nie, maar toegeskryf kan word aan die feit "that [they] were smarting under the defeat they received in the noon-day skirmish in Adderley Street on Saturday and were determined to wreak their

55. *Die Burger*, 30 Julie 1940.
56. *Cape Times*, 30 and 31 July 1940. Vir die telegramme sien die US Bibiloteek, Stellenbosch: D.F. Malan-versameling, lêers 1/1/1676-7.
57. *Cape Argus*, 29 July 1940.

vengance on somebody ... Their desire for revenge, combined with their hatred of the Coloured race led to the mass attack." In die pamflet verskyn foto's van die skade wat aan die huise aangerig is.[58]

Briewe aan die Engelse koerante het dit beklemtoon dat die dorp se gevestigde wit inwoners nie aan die gevegte deelgeneem het nie. Mevrou Paul Hemke se brief wat op 31 Julie 1940 in die *Cape Times* geplaas is, lui soos volg: "No European residents took part in these fights. It was confined to Stellenbosch students and a very fine reputation they are establishing for themselves and their Alma Mater."[59]

Die verklaring van die Studenteraad van die US bevat 'n mengsel van verontskuldiging en gekwalifiseerde spyt. Soos *Die Burger* het dit die onluste binne die konteks van die oorlog en die wrywing wat dit tussen die verskillende bevolkingsgroepe veroorsaak het, geplaas. Dit is vererger deur die verswakking van die plaaslike polisiemag. Die Studenteraad het die skuld vir die onluste op die skouers van "onverantwoordelike elemente" in die kleurlingbevolking wat 'n uitdagende houding teenoor veral Afrikaners aangeneem het, geplaas. Astrante en beledigende opmerkings is ook teenoor wit vroue gemaak. Die verklaring het erken dat "onskuldige en ordentlike" kleurlinge skade aangedoen is, maar onmiddellik ook gewys op die feit dat onskuldige witmense se besittings ook verniel is. Dit het geen poging aangewend om te erken dat die skade wat aan kleurlinge aangedoen is, dié aan wit kant verdwerg het nie.

Die Studenteraad se verklaring het afgesluit met 'n lomp poging om gedeeltelike skadevergoeding en 'n gekwalifiseerde verskoning aan te bied. Dit het spyt uitgespreek oor beskadiging van eiendom van onskuldige kleurlinge en hierdie "wenk" aan die hand gedoen: As bruin leiers 'n beroep om skadevergoeding sou doen, sou die Studenteraad lyste vir die vergoeding van die eiendom van onskuldiges rondstuur. Vergoeding sou dan betaal word "vir sover dit binne ons vermoë is en sover na deeglike ondersoek onbetwisbare skuld bewys is".[60]

Die Stadsraad van Stellenbosch het op 30 Julie 1940 vergader met verteenwoordigers van die verskillende partye, insluitende J.L. Badenhorst, Voorsitter van die Studenteraad, en eerwaardes A. Knottenvelt en K.H. Brown, wat namens die kleurlinge gepraat het. Die twee

58. US Bibiloteek, Stellenbosch: D.F. Malan-versameling, lêer 1/1/1671, pamflet getitel *Who caused the riots?* (Cape Town, 1940).
59. *Cape Times*, 31 July 1940.
60. *Die Burger*, 31 Julie 1940.

Engelssprekende geestelikes het gewys op die skade wat aangerig is aan die huise van onskuldige kleurlinge wat hoegenaamd niks met die onluste te doen gehad het nie. Hulle het gevra dat die studente verskoning vir hulle optrede moes aanbied en vir die skade wat hulle aangerig het, moes betaal.

Baie jare lank het die tradisie bestaan dat die Stadsraad hom nie in die stryd tussen die politieke partye inmeng nie. Ook nou was dit nie gretig om tussen die kleurlinge en studente kant te kies nie, maar het bloot besorgdheid oor die gebeure verwoord en die hoop uitgespreek dat "die verskillende groepe nie mekaar en die gemeenskap verder sal verontrus nie".[61] Soos in die geval van die Studenteraad, is die besluite só geformuleer dat dit die foutiewe indruk wek dat die twee kante ewe verantwoordelik vir die gevegte en ewe skuldig was.

**Die Stellenbosch Vigilance Movement**

Die bruin inwoners van Stellenbosch het in die eerste week van Augustus 1940 die Stellenbosch Vigilance Movement gestig om die saak verder te hanteer. Na afloop van die stigtingsvergadering, het die beweging 'n brief aan die Minister van Justisie gestuur. Die inhoud is nie bekend nie, en daar het later verwarring daaroor ontstaan. Sommige het gemeen dat die beweging 'n kommissie van ondersoek aangevra het; ander het daarop gewys dat die Regering net om beskerming gevra is. Die sekretaris, D.V. Seane, 'n onderwyser by die Lückhoff Sekondêre Skool, het aan die Universiteit se bestuur geskryf om die vergadering se besluite oor te dra. Dit het so gelui:

1. Dit spyt ons dat ons moet kla dat 'n groot en vredeliewende seksie van die nie-blankes deur 'n aantal van u universiteitstudente sonder oorsaak aangerand is en dat baie skade aan liggaam en eiendom aangerig is.
2. Dat hierdie vergadering weerspreek die onjuistheid dat die nie-blank[es] as sulks gekant is teen die blankes of meer bepaald die Afrikaanssprekendes soos ongelukkig in sekere universitêre kringe in omloop is.
3. Dat die vergadering u en u raad versoek om by te dra tot die handhawing van publieke orde en veiligheid.
4. Dat as gevolg van die aanrandings baie nie-blankes se woonhuise in 'n bouvallige toestand verkeer en dat hulle baie min hoop het op spoedige vergoeding van skade.
5. Dat 'n afgevaardigde deputasie u kan kom spreek indien u Raad dit vereis.[62]

---

61. *Die Burger*, 1 Augustus 1940.
62. Universiteit van Stellenbosch Argief, Stellenbosch: Karton 484, lêer 21/20, Vigilance Movement, Stellenbosch onluste, 1940-41, Seane – Registrateur, 7 Augustus 1940. Al die verwysings wat volg is na dieselfde karton en lêer.

Die Stadsraad van Stellenbosch het ook toegetree tot die saak deur die Burgemeester te versoek om saam met die Stadsklerk 'n vergadering te hou. Hier moes die moontlikheid ondersoek word om persone te vergoed wat "sonder dat hulle aandadig aan die gebeurtenisse was skade aan hul eiendomme gely het".[63]

Die eerste interne verslag van die Universiteitsbestuur oor die voorval het die skade aan eiendomme, afgesien van motors, op £100 geskat. Dit het ook verwys na die voorwaardelike aanbod van die Studenteraad om die skade van onskuldiges te vergoed, mits onskuld bewys kon word.[64] Professor Wilcocks wou namens die Universiteit die saak so vinnig moontlik probeer afhandel.

Die bruin gemeenskap was begryplik nie haastig nie. Die gebeure van 27 en 28 Julie 1940 was erg traumaties, veral die feit dat die studente kinders aangerand, asook mense se huise binnegedring en eiendom beskadig het. Daar was die moontlikheid dat 'n hof in siviele aksies aan individue 'n veel ruimer vergoeding sou toeken. 'n Siviele aksie sou egter duur wees en daar was geen sekerheid oor hoe 'n siviele geding sou afloop nie.

Dit wil voorkom of die leiers van die Vigilance Movement gedink het dat die Universiteit in mindere of meerdere mate vir die skade en leed wat die studente veroorsaak het, aanspreeklik gehou kon word. Eise vir skadevergoeding teen die Universiteit het egter min kans op sukses gehad. Daar sou beswaarlik bewys kon word dat dit as instelling deur sy ampsdraers die onluste en gepaardgaande skadeberokkening georganiseer of aangehits het. Onregstreekse aanspreeklikheid van die US sou ter sprake kon kom indien werknemers van die Universiteit in die loop van hulle diens die skade aangerig het, maar hier was sprake van onregmatige optrede deur individue buite diensverband eerder as optrede in die loop van diens.

Vir sover 'n georganiseerde struktuur soos 'n huiskomitee van 'n koshuis soos Dagbreek moontlik betrokke was, sou, in die lig van latere regsontwikkeling, geargumenteer kon word dat die huiskomitee beskou kon word asof die lede werknemers van die US was en dat aanhitsing deur die huiskomitee of individuele huiskomiteelede aanspreeklikheid vir

63. US Argief, Stadsklerk – Rektor, 22 Augustus 1940.
64. US Argief, Rapport oor onluste op Stellenbosch, ongedateer. Die verslag is opgeneem in die notule van die US Raad se vergadering van 12 Oktober 1940.

die US sou kon meebring. Dit is egter te betwyfel of middellike aanspreeklikheid so ver gevoer sou kon word en daar is geen bewyse van sodanige aanhitsing nie. Vir sover aanbiedinge van vergoeding deur die US ter sprake was, sou dit gedoen word sonder erkenning van institusionele aanspreeklikheid, op 'n *ex gratia*-basis.[65]

Die belangrikste oorweging vir die Universiteitsowerheid was om 'n kommissie van ondersoek te vermy. Dit sou die Universiteit in groot verleentheid bring. Die Rektor het die Vigilance Movement daarop gewys dat diegene wat bereid sou wees om 'n bedrag te skenk om die kleurlinge se skade goed te maak, sou wag vir 'n kommissie se bevinding voor hulle enigiets skenk. Hy het daarop aangedring dat die saak afgehandel word deur onderhandelings tussen die betrokke partye. Meer as twee maande lank het Wilcocks vrugteloos probeer om die brief te sien wat die beweging op 7 Augustus 1940 aan die Minister van Justisie gestuur het en waarin daar na bewering om 'n kommissie van ondersoek gevra is.

Op 19 Augustus 1940 het die Registrateur aan Seane geskryf om hom mee te deel dat 'n vise-kanselierskomitee aangestel is om die saak te behartig. Die Universiteitsraad het hierdie komitee gevra om "audiensie" (sic) te verleen aan 'n afvaardiging van sewe tot tien lede verteenwoordigend van alle seksies van die bruin gemeenskap. Die Vise-kanselierskomitee sou hierdie deputasie op 23 Augustus 1940 in die Raad se kamer van die administrasiegebou ontmoet.[66] Wat opval in die prosedure wat die Registrateur voorgestel het, is dat die gewone hiërargie en simboliek van wit baasskap gehandhaaf is. Daar was geen poging om die bruin gemeenskap se verteenwoordigers op 'n neutrale plek te spreek nie.

Op 23 Augustus 1940 het veertien verteenwoordigers van die bruin gemeenskap van Stellenbosch met 'n sub-komitee van die Universiteitsraad byeengekom. In die Universiteit se verslag word gemeld dat hulle "op 'n besadigde wyse hulle leedwese en ook hulle afkeuring uitgespreek het oor die onluste". Hulle het verder gemeld dat hulle die Regering versoek het om 'n kommissie van ondersoek aan te stel.[67]

---

65. Mededeling deur M.M. Loubser, Regsfakulteit van die Universiteit van Stellenbosch, 5 Julie 2005.
66. US Argief, Registrateur – Seane, 19 Augustus 1940.
67. US Argief, Notule van gewone vergadering van die US Raad, 12 Oktober 1940, Verslag van die Vise-kanselierkomitee.

Die sub-komitee van die Universiteitsraad het op 30 Augustus 1940 met elf verteenwoordigers van die studente byeengekom. Onder laasgenoemde was Schalk Pienaar, terwyl dominee A.F. Louw, 'n NG-predikant wat groot aansien by wit en bruin geniet het, 'n lid van die sub-komitee was. Pienaar verwys daarna in die verslag wat hierbo aangehaal is. Die gebeure in Adderleystraat was vir hom klaarblyklik 'n glorieryke herinnering en hy het hom verkneukel toe hy as sterwende man in 1979 hierdie staaltjie uit sy verlede opgeteken het. Hy vertel die storie van Andringastraat amper in dieselfde trant, maar teen die einde val daar 'n skaduwee oor die verhaal:

> Oor een ding skaam ek my in die hele dubbele episode. Dit was toe heeltemal agterna 'n paar van ons gevra is om met die hemel weet nou meer wat, maar dit moet iets soos die Universiteitsraad gewees het, te praat. Ou dominee "Affie" Louw het gevra of ons studente nie as gebaar die hoed onder mekaar sal rondstuur om die skade wat aan die kleurlinghuise aangerig is, te help vergoed nie. Ek het geantwoord nee. Daar was pyn in die liewe ou man se oë, maar hy het niks verder gesê nie.

Die notule van die vergadering bevestig Pienaar se woorde. Dit meld dat die lede van die Vise-kanselierskomitee die studente daarop gewys het dat dit veel tot vriendskaplike verhoudings tussen wittes en gekleurdes sou bydra as die Studenteraad die skadevergoeding self sou betaal. Die verteenwoordigers van die studente het geantwoord dat hulle wel 'n deel van die bedrag sou vind, maar dat hulle nie bereid was om die hele bedrag vir hulle rekening te neem nie "aangesien ander persone ook aan die onluste deelgeneem het en wedersydse skade berokken is aan persone wat met die saak niks te doen gehad het nie".[68] Dit was hierdie houding wat dominee Louw so teleurgestel het en waaroor Pienaar later skaam was.

Alhoewel daar nie 'n brief in dié verband bewaar gebly het nie, wil dit voorkom of die Universiteit die Vigilance Movement meegedeel het dat die studente se verteenwoordigers 'n voorwaardelike aanbod van skadevergoeding gemaak het – hulle sou net 'n gedeelte van die skade vergoed en ook net aan mense wat hulle onskuld in die onluste kon bewys. Dit was binne hierdie konteks van 'n voorwaardelike skadevergoeding wat die Universiteit die Vigilance Movement gevra het om 'n lys van mense wat skade gely het.

68. US Argief, Notule van gewone vergadering van die Raad (Verslag van die Vise-kanselierskomitee).

Daar is aanduidings dat die gemeenskap ontsteld was oor die aanbod. Op 2 September 1940 het Seane geskryf dat die "mededelinge en die versoek ... iets is waarvoor ons nie gereed gewees het nie". Hy het verder geskryf:

> My is opgedra om as volg te skryf: Dit spyt ons ten seerste dat die kwessie van skadevergoeding kondisioneel oorweeg sal word. Hierdie kondisie o i. kan niks anders beteken dan dat die hoër en bepaald belangriker beginsels van justisie, vriendelike samewerking en wedersydse vertroue 'n slag sal kry.

Seane het vervolgens verwys na die herhaalde versoeke van die kant van die Universiteit dat die oorsake van rassewrywing uitgeskakel moes word. Hy het daarop hierdie kommentaar gelewer:

> Die deel van die nie-blankes wat ons verteenwoordig, is begerig om alle moontlike oorsake van botsings uit die weg te ruim. Dat ons niks aan die hand kan doen om die oorsake te vermy, is te wyte aan die feit dat ons nie weet waarom 'n groot seksie van die vredeliewende mense spesiaal uitgesoek is vir spesiale aanranding nie. Individuele gevalle van gewelddaad is geen regverdiging vir algemene aanvalle soos dit ons lot was gedurende die onluste.

Die brief het afgesluit met Seane se versekering dat sy beweging "te eniger tyd gereed sal wees om tot eervolle skikkings te kom om gewelddaad uit die weg te ruim".[69]

In die res van September en die eerste helfte van Oktober het die saak stilgestaan. Eers op 19 Oktober 1940 het die Rektor met D. van Noie, Hoof van die Volkskerkskool, en W. Woodman, Hoof van die St. Mary-sendingskool,[70] as verteenwoordigers van die Vigilance Association samesprekings gehou.[71] Dit het geblyk dat die Vigilance Movement in hulle brief aan die Minister van Justisie om beskerming gevra het, maar nie om 'n kommissie van ondersoek nie. Dit was kleurlinge in Kaapstad wat onder die sambreel van die United Front om 'n kommissie gevra het. Heel waarskynlik het dit verband gehou met die versoek wat Cissie Gool net ná die onluste aan die Eerste Minister gerig het.

---

69. US Argief, Seane – Registrateur, 2 September 1940.
70. Die Rektor het na die persoon as Goodman verwys, maar sy van was Woodman.
71. US Argief, Weber – Rektor, 19 Oktober 1940.

Op die vergadering van 19 Oktober 1940 met die Rektor het die kwessie van skadevergoeding ter sprake gekom. Van Noie en Woodman het dit duidelik gestel dat die bruin gemeenskap nie skadevergoeding wil hê "bloot as 'n saak van jammerhartigheid nie, maar as 'n saak van regverdigheid en erkenning van skuld".

Die oorsake van die geweld en maniere om verdere botsings te vermy, is ook bespreek. Van Noie en Woodman het verklaar dat hulle bereid was om 'n afvaardiging van die studente te ontmoet om sekere sake aan die studente voor te dra, "soos die regte van die kleurlinge op burgerskap van die land." Hulle wou egter nie met die studente praat voordat die kwessie van skadevergoeding uit die weg geruim is nie. Daarvoor het hulle die spesiale opdrag van hulle beweging nodig gehad.

Op hierdie vergadering het Wilcocks gesê dat die Universiteit nog steeds aanvaar dat die Stellenbosse bruinmense om 'n kommissie van ondersoek gevra het. Indien die verlening van skadevergoeding verstaan moes word as 'n erkenning van skuld van die studenteliggaam of van die Universiteit, was daar volgens die Rektor "nie kans om van die liggame skadevergoeding te kry nie." Hy het vervolg: "Die verlening van skadevergoeding moet verstaan word eenvoudig as hulpverlening aan onskuldige kleurlinge wat skade gely het. As dit verstaan word, dien skadevergoeding na my [die Rektor se] oordeel verleen te word onafhanklik daarvan of 'n kommissie van ondersoek by die Regering aangevra is of nie."[72]

Van Noie en Woodman het weer onderneem om aan die Rektor 'n kopie van die brief aan die Minister van Justisie te laat toekom, asook 'n lys van skade aan "onskuldige kleurlinge". Op 21 November 1940 het die Rektor aan Van Noie en Woodman geskryf om hulle mee te deel dat hy steeds nog nie die dokumente ontvang het nie.[73] Intussen het die Studenteraad besluit om 'n bedrag van £20 te skenk aan kleurlinge wat skade gely het "op voorwaarde dat die Universiteit met die beginsel akkoord gaan".

Die Vigilance Movement het blykbaar intussen besluit om onderhandelinge met die Universiteit te staak en eerder met die plaaslike munisipaliteit en magistraat te praat. Op 6 Desember 1940 het Seane die Rektor meegedeel dat die plaaslike magistraat aan hom sekere dokumente

---

72. US Argief, Verdere rapport van die onluste, opgeneem in die Raadsnotule van 12 Oktober 1940, p 1.
73. US Argief, Rektor – Woodman, 21 November 1940.

sal oorhandig.[74] Die Stadsraad het sekere persone aangestel om ’n lys op te stel van skade wat aan kleurlinge gedoen is. Volgens die lys was die skade minder as £20. Dit lyk vreemd in die lig van die feit dat die Universiteit die skade aanvanklik op £100 geskat het. Die magistraat het die Rektor meegedeel dat die kleurlinge aan hom ’n lys oorhandig het, wat hy egter as oordrewe beskou het.

Op sy sitting van 6 Desember 1940, het die Universiteitsraad besluit om die saak eensydig af te handel. In die Rektor se finale verslag gee hy ’n uiteensetting van sy optrede. Die Raad het besluit om *ex gratia*-betalings aan kleurlinge te maak wie se naam op die lys verskyn wat verteenwoordigers van die bruin gemeenskap aan die munisipaliteit oorhandig het. Die Universiteit het eers ondersoek ingestel om die lys te kontroleer. Uitbetalings is aan kleurlinge gemaak nadat hulle die kwitansies onderteken het wat meld dat hulle die bedrae *ex gratia* ontvang het. ’n Totale bedrag van £18:4:6 is vir skade uitbetaal.

Op versoek van die Universiteit het dokter Reitz, die distriksgeneesheer, ’n lys opgestel van kleurlinge wat beseer is. Die Universiteit het aan drie persone ’n gesamentlike bedrag van £6 betaal ná ’n ondersoek om vas te stel of hulle onskuldig is. Hulle moes ’n kwitansie teken wat aandui dat die bedrag *ex gratia* ontvang is. ’n Verdere bedrag van 5 sjielings is betaal aan ’n bode van die Universiteit wat tydens die onluste onskuldig geslaan is. Dit het die bedrag vir vergoeding van beserings op £6:5:0 te staan laat kom.

In sy finale woorde het Wilcocks geskryf: “Volgens besluit van die Raad van die Universiteit is die helfte van die totale bedrag van £24 gedek uit die bydrae van die S.V.R. [Studente Verteenwoordigende Raad] en die helfte uit die Universiteitsgelde.” Die Universiteit het hierdie verslag aan die Minister van Justisie gestuur.[75]

In ’n brief gedateer 25 Februarie 1941, het die Minister sy tevredenheid uitgespreek oor die wyse waarop die saak gehanteer is. Soos sy sekretaris dit gestel het:

> He [the Minster] appreciates the readiness of the university authorities to deal sympathetically with the claims of the people who suffered personal injuries or material damage and recognises the value of your

74. US Argief, Seane – Rektor, 6 Desember 1940.
75. US Argief, Verdere verslag deur R.W. Wilcocks, ongedateer.

> own efforts in bringing about better relations between the different elements at Stellenbosch.[76]

Die Universiteitsowerhede en die Stadsraad kom nie een met eer uit die stryd nie. Die vernaamste oorweging was om die aangeleentheid so gou moontlik af te handel en niks te doen wat die verhouding tussen die anti-oorlog- en pro-oorlog-faksies in die wit gemeenskap sou versteur nie. Die bedrag wat vir skadevergoeding aangebied is, was belaglik laag. Die Regering wou nie 'n kommissie van ondersoek aanstel nie, waarskynlik omdat dit die politieke kloof in witmense se geledere sou vererger. Dit was die bruin gemeenskap van Stellenbosch wat die stukke, letterlik en figuurlik, moes optel.

Al party wat agting afdwing, was die leiers van die Vigilance Movement, wat die ontstellende en rampspoedige gebeure met waardigheid gehanteer het.

## Slot

Die onluste het plaasgevind teen die agtergrond van die omstrede oorlogsverklaring en die NP-veldtog om die bruin kiesers van die kieserslys te verwyder. Vir die bruin inwoners van Stellenbosch was die onluste 'n nagmerrie waarvan die verhaal van een geslag aan die ander oorvertel is. Die Afrikaners het dit uit 'n totaal ander hoek beskou. Sommige, soos dominee Van der Merwe, het dit gesien as kragdadige optrede waar die studente hulle eers teen die soldate en toe teen die bruinmense op Stellenbosch gehandhaaf het. Vir sommige, weer, was dit 'n klinkende bewys dat aparte groepsgebiede nodig geraak het.

Wat dit in werklikheid was, was 'n amokmakery, en in sommige gevalle boewery, van jong witmense met die doel om die bruinmense op die dorp te intimideer en te dwing om onderhorig te wees. Agterna beskou, kan die studentegeweld tydens die Slag van Andringastraat gesien word as 'n voorloper van apartheid se strukturele geweld deur middel van gedwonge verskuiwings uit gemengde gebiede, rasseklassifikasie en die verbod op gemengde huwelike en "ontug".

---

76. US Argief, Judge President – Rector, 25 February 1941.

## Opsomming

Vir baie jare lank was die botsing in Julie 1940 tussen wit studente en bruin inwoners van Stellenbosch die onderwerp van anekdotes en staaltjies wat witmense onder mekaar vertel het. Bruinmense dink egter met skok en verontwaardiging daaraan terug. Hierdie hoogs insiggewende gebeurtenis is nog glad nie deur historici beskryf en ontleed nie. Die artikel beskou die gebeure as 'n "white riot" in die sin wat Sheila Smith McKoy die term in haar boek, *When whites riot: Writing race and violence*, gebruik. Witmense het geweld gebruik om die punt dat swartmense geen politieke regte het nie, te onderstreep. Die onluste was 'n voorafskaduwing van die strukturele geweld van apartheid wat 'n dekade later sou begin.

## Summary

### The Battle of Andringa Street:
### A Student Riot at Stellenbosch, 1940

A student riot that took place in July 1940 in the town of Stellenbosch has long been the subject of anecdotes told by white alumni and residents of the town rather than of serious analyses by scholars. Yet the event is of exceptional interest as it represents one of the few cases in South Africa where a white riot can be said to have taken place. White students attacked coloured residents living in the main part of the town, invading their houses, smashing crockery and assaulting occupants. The article argues that the riot occurred in the context of the National Party's attempt to disenfranchise the coloured voters, Parliament's decision of 1939 to declare war, and a regulation compelling citizens to hand in arms. The violence of the Andringa Street events foreshadowed the structural violence of apartheid, introduced a decade later.

**Sleutelwoorde**

Apartheid, studente-onluste, Suid-Afrika, Universiteit van Stellenbosch, kleurlinge, Tweede Wêreldoorlog, Ossewa-Brandwag.

**Key words**

Apartheid, student riot, South Africa, University of Stellenbosch, coloureds, Second World War, Ossewa-Brandwag.